GIRLS & BOYS TOWN
Healing Heartbroken Children

# Jeug VANDAG

DESEMBER 2024 'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN SA






# Die wiele rol!

## Ruimhartige donateurs vat hande en finansier 'n onderhoudsplan vir ons skoolbusse.

'n Jaar gelede het ons landwye skoolbusvloot 'n betreurenswaardige en gevaarlike toestand bereik. Die krisis het dringende optrede geverg, en ons het die benarde situasie met ons lojale vriende en donateurs gedeel.

U sal onthou dat ons verlede jaar voor Kersfees verduidelik het watter geweldige duur, dog krities noodsaaklike, onderhoud ons skoolbusse nodig gehad het. Die reaksie was só ruim dat ons 'n gepaste onderhoudsplan in werking kon stel vir die herstel en instandhouding van ons ouerwordende voertuig vloot.

Ons het donasies van altesaam R300 547 ontvang. Dit het ons in staat gestel om van Januarie tot Oktober vanjaar R331 994 te bestee om te sorg dat ons voertuie onderhou word, veilig en padwaardig is. Dit verseker dat kwesbare jong leerders landwyd steeds toegang kry tot voldoende gehalteonderrig danksy daaglikse vervoer na en van hul onderskeie skole. Dit help ons ook om al ons seuns en dogters by die mees geskikte skole te plaas.

Lee Loynes, die voormalige Hoof Uitvoerende Beampte van Girls & Boys Town SA het gesê: "Die sukses van ons onderrig- en studieprogramme wat projekte by ons Kagiso/Randfontein Jeugontwikkelingsentrum in Krugersdorp en die Magaliesburg-Jeugontwikkelingsentrum ondersteun, maak grootliks staat op die beskikbaarheid van voldoende vervoer. U ondersteuning verseker dat ons voertuie kan voortgaan met die veilige vervoer van ons kinders na en van hulle onderskeie skole. Dit verseker hulle van die opvoeding wat hulle verdien. Dankie daarvoor!"

### Ons Visie

Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

### Ons Missie

Ons missie is om hartgebroke jongmense te heel, hoop te herstel en 'n veilige omgewing vir die jongmense in ons sorg te gee waar hul kan uitblink en genees.

### Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town SA

'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town SA, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town SA sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Volg ons

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# Beste donateurs en belanghebbendes

Hierdie nuusbrief sal ons almal trots laat voel oor die uitslae van die Universiteit van Johannesburg en Girls & Boys Town SA se "Growth Beyond The Town"-navorsing, asook suksesverhale van jongmense wat meer onlangs ons sorg verlaat het. Dit herinner my aan die aanhaling van Sandra Day O'Connor: "Ons bereik niks in die wêreld op ons eie nie ... Wat ook al gebeur is die resultaat van die hele tapisserie van 'n mens se lewe en die verweefdheid van individuele drade van mens tot mens." Dit fokus ons aandag nie net op hoeveel ons jongmense bereik het, ondanks struikelblokke op hul pad nie, maar ook op die feit dat niks daarvan moontlik sou wees sonder die "verweefdheid van individuele drade" van ons toegewyde personeel, uself as lojale en getroue donateurs, ons wyse en ondersteunende raadslede en al die sorgsame belanghebbendes wat hulle daarop toespits om 'n verskil te maak vir Girls & Boys Town SA en elkeen van ons jongmense. Hiervoor, bly ons opreg dankbaar.

My rol as "individuele draad" het verander nadat ek amptelik op 31 Oktober 2024 afgetree het. My 31 jaar saam met Girls & Boys Town SA was 'n wonderlike reis en ek het elke liewe dag waardeer – al die vreugdes, uitdagings en soveel nuwe en verskillende ondervindings en kennis wat my so ryklik beloon én nederig gemaak het. Die raad van Girls & Boys Town SA het in Januarie 2024 reeds begin met die opvolgproses om my opvolger te werf en ek is bly dat ek Me. Karen Farred nou aan u kan voorstel. Sy was die Nasionale Hoof van Residensiële Dienste en reeds 25 jaar werksaam by Girls & Boys Town SA.Die raad, uitvoerende bestuurspan en myself, het volle vertroue in haar vermoëns. Sy het op 1 November 2024 die rol van Hoof Uitvoerende Beampte oorgeneem.

Ek dra graag my hartlike dank en diepste waardering aan u oor vir alles wat u gedoen het en vir dit wat ons by hierdie oomblik gebring het – "saamgeweef" deur die goeie én die moeilike tye. Ek wens u nog baie spesiale oomblikke en suksesse toe. Dankie dat u so 'n onmisbare lid van die Girls & Boys Town SA-familie is.

Mag u 'n baie spesiale, veilige en geseënde feesseisoen saam met u geliefdes hê.

Lee Loynes

LEE LOYNES
Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte

# Waar is hulle nou?

***Só vaar jongmense nadat hulle Girls & Boys Town se sorg verlaat het.***

**Dr. Lisa Dickens en Prof. Adrian van Breda**

Girls & Boys Town SA (GBTSA) en die Departement van Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling van die Universiteit van Johannesburg (UJ) het saam 'n langtermyn studie aangepak wat die uitkomste volg van jongmense wat ons sorg sedert die aanvang van die projek in 2012 verlaat het. Hierdie navorsing het deur die jare waardevolle insigte gebied in die ervarings van jongmense ná Girls & Boys Town. Een van die sleutel uitkomste is die kritieke kwessie van diegene wat nie werk, studeer of opleiding ondergaan nie – die sogenaamde NEETs ("Not in Employment, Education or Training"). Die bevinding onthul nasionale sowel as internasionale tendense en vestig die aandag op die onrusbarende aantal sorgverlaters wat in die NEET-kategorie val en dikwels vir lang tye daar bly. In 2024 was die algehele NEET-koers in Suid-Afrika vir jongmense van 15 tot 24 jaar 35,5% (Stats SA, 2024, p.9), terwyl sorgverlaters tipies selfs groter struikelblokke ervaar – 'n aanduiding van die breër sistemiese kwessies wat bydra tot werkloosheid onder jongmense in die land.

Tog skilder die uitkomste van GBTSA-verlaters 'n meer bemoedigende prentjie. Die navorsing toon gaandeweg 'n geringe afwaartse koers in NEET-getalle. Dit beteken hoe langer jongmense uit sorg is, hoe minder is hulle geneig om NEET te wees. Hierdie tendens dui daarop dat GBTSA se ondersteuning en intervensies jongmense toerus met die nodige veerkragtigheid en vaardighede om die uitdagings van volwassenheid te navigeer; en hoe ouer hulle word, hoe groter is die kans dat hulle sal werk of studeer. Teen die 7de jaar buite sorg is 27% van die kohort wat in hierdie studie gevolg word, as NEET geklassifiseer (Dickens & Van Breda, 2021). Dit is laer as die nasionale gemiddeld én die koerse waargeneem in soortgelyke internasionale kontekste, soos in die Verenigde Koninkryk, waar meer as 'n derde van sorgverlaters NEET bly (41% van sorgverlaters tussen 19 en 21) – vergelykbaar met 12% van die algemene bevolking in die VK (Harrison et al. 2024, p. 6).

Die bevindings van die GBTSA-studie is belangrik, veral in die konteks van Suid-Afrika se hoë werkloosheidskoers onder die jeug – met 45,5% van mense tussen 15 en 34 jaar oud wat nie werk nie, is dit van die hoogste ter wêreld (Stats SA, 2024). Die sukses van GBTSA se sorgverlaters, wat in 'n toenemende mate werk kry, hul opleiding voortsit en finansiële onafhanklikheid bereik, beklemtoon hoe belangrik omvattende en doelgerigte steun gedurende die kritieke oorgangstyd uit ons sorg is.

***"... die Girls and Boys Town SA-model 'n baken van hoop wat bewys dat sorgverlaters, met die regte ondersteuning, kan gedy ondanks alles."***

Soos die data toon, kan hierdie jongmense minder geneig wees vir die NEET-vangstrik vergeleke met hul portuur en 'n lewe gekenmerk deur bestendigheid en groei. Hierdie suksesverhale bied waardevolle lesse vir beleidsmakers en praktisyns en illustreer hoe gefokusde intervensies, mentorskap en volgehoue steun die lewenspad van sorgverlaters kan verander. In 'n land wat met breër uitdagings soos werkloosheid en ekonomiese ongelykheid worstel, is die GBTSA-model 'n baken van hoop wat bewys dat sorgverlaters, met die regte ondersteuning, kan gedy ondanks alles.

*Verwysings: Dickens, L. & Van Breda, A. (2023). Resilience and Outcomes of South African Girls and Boys Town Care-Leavers 11 Years On. Cape Town, RSA: University of Johannesburg and Girls & Boys Town South Africa.*

*Harrison, N., Dixon, J., Sanders-Ellis, D., Ward, J. & Asker, P. (2023) Care leavers' transition into the labour market in England. https://www.education.ox.ac.uk/wpcontent/uploads/2023/01/CareLeaversLabourMarket.pdf*

*Statistics South Africa (Quarterly Labour Force Survey, 2024:Q1). Quarterly Labour Force Survey: First Quarter 2024. South Africa: Pretoria*



## Ondersteun ons nou ook deur MySchool

Jy kan Girls & Boys Town SA nou ondersteun deur middel van die MySchool-program. Indien jy nog nie 'n MySchool/MyVillage/MyPlanet-kaart het nie, doen gerus aansoek om jou gratis kaart en kies Girls & Boys Town SA as jou begunstigde. Sodra jy die kaart begin swiep, begin ons fondse ontvang. Elke swiep tel!

**Kry jou kaart deur die kliëntedienssentrum te skakel by 0860 100 445 of e-pos cs@myschool.co.za.**

**Vind meer uit by www.myschool.co.za/schools/.**



## Kom meer te wete oor ons bemakingsprogram.

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons nou 'n gids oor erflatings op ons webwerf beskikbaar gestel. Die doel is om lesersvriendelike riglyne te verskaf aan enigeen wat daarin belang stel om 'n erflating aan Girls & Boys Town SA te bemaak.

Deur 'n erflating aan die instansie te bemaak of 'n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, verseker u dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.*).

Vir meer inligting oor ons bemakingsprogram en/of om 'n eksemplaar van die brosjure te bekom, nader asseblief Gertrude Wilson by Tel. 011 482 2655 of per e-pos by mailing@gbtown.org.za.



# DIE LEWE ná die "TOWN"

*Ons kyk hoe drie jong dames die lewe se uitdagings met vreugde oorkom sedert hulle ons sorg verlaat het ...*

## MARY

Mary is vroeg in 2022 by Girls & Boys Town SA ingeneem nadat haar plasing in pleegsorg skipbreuk gely het.

Sy het by ons aangekom onder 'n swaar las van gedragsprobleme ... anti-sosiaal, depressief, afsydig en impulsief. Boonop het Mary 'n aandaggebrek gehad, probleme met seksuele identiteit en 'n geneigdheid tot selfbesering.

### Familie-agtergrond

Ná haar geboorte het Mary en haar biologiese ma 'n nomadiese bestaan gevoer, afgesonder van enige uitgebreide familie netwerk. Haar ma het gesukkel met alkoholverslawing en geestelike gesondheidsprobleme. Sy sou in tye van uiterste emosie dikwels dreig om haarself te beseer. Jonk soos sy was, het Mary die rol van vertroueling ingeneem en soos 'n ouer opgetree om na haar ma se behoeftes om te sien. Dit het ongelukkig tot groter wrywing gelei.

Toe Mary se ma haar die huis belet ná een van hul rusies, het 'n gesin in die buurt haar ingeneem.

Ondanks die gasvryheid van dié sorgsame mense en hul gewilligheid om Mary se plasing by hulle te wettig, het sy gesukkel om aan te pas. Haar botsings met verskeie gesinslede en anti-sosiale gedrag het verhoudings beproef. Toe die pleegfamilie nie Mary se selfbesering alleen kon hanteer nie, het hulle haar na 'n privaat praktisyn in geestesgesondheid geneem, in die hoop dat Mary by hulle kon aanbly. Sy is egter uiteindelik na ons verwys.

### Toelating by Girls & Boys Town SA

By toelating is Mary getoets vir emosionele simptome, gedrag, portuurgroep probleme en pro-sosiale gedrag.

- Ons vaardigheidsprogram het haar geleer hoe om te kommunikeer en sensitiwiteit teenoor ander te betoon.
- Terapiesessies met die maatskaplike werker het Mary gehelp om die werklikheid van haar plasing en die redes daarvoor te aanvaar en haar eie terapeutiese doelwitte te stel.
- Vroeë sessies met Mary het daarop gefokus om haar onstuimige emosies beter te beheer en gesonde vaardighede daarteen te aan te leer.
- Sy is gehelp om haar persoonlike veiligheidsplan te verfyn en 'n veiligheidsnetwerk in haar nuwe omgewing te vestig.
- Mary het ook baat gevind by 'n kombinasie van eksterne en interne dienste in die sorg van ons kliniese span.

### Waar is Mary nou?

Terwyl sy by ons gehuisves was het Mary se pleegfamilie deurentyd hul verbintenis met haar herbevestig en 'n privaat berader ingekry om gereelde interaksie te fasiliteer. Aan die einde van die jaar is Mary teruggeplaas in die familie se sorg, wat – met haar biologiese ma se goedkeuring – die proses begin het om haar aan te neem.

Mary gebruik steeds die vaardighede wat sy by Girls & Boys Town SA geleer het:

- Sy geniet positiewe verhoudings binne haar pleegfamilie en portuurgroep.
- Haar aanvanklik negatiewe verhouding met die pleegfamilie se jongste seun het 'n positiewe rigting ingeslaan en groei steeds.
- Mary neem aktief deel in ontspanningsaktiwiteite by die skool en werk oor naweke in die gemeenskap, waar sy interaksie met klante het.
- Sy toon merkwaardige vordering in haar geestesgesondheid, veral nadat sy selfbesering oorkom het en nou as mentor optree vir ander tieners met soortgelyke uitdagings.
- Op akademiese vlak vaar Mary ook goed. Sy neem Ontwerp as 'n vak en haar onderwyser het dikwels lof vir haar werk. Sy geniet veral Verbruikerstudies en deel graag haar vaardighede met die gesin deur vir hulle te bak of aandete te maak.
- Haar punte het oor die algemeen stadig maar seker verbeter en sy mik vir 'n 60%-gemiddeld. Voorts neem sy aan toutrek deel as 'n buitemuurse aktiwiteit. Dit is 'n veeleisende sport wat krag, deursettingsvermoë en spanwerk verg - eienskappe wat sy reeds duidelik toon.

### Mary se pleegma sê:

"Dis lieflik om te sien hoe Mary haar eie persoonlikheid ontwikkel. Om tieners groot te maak is nie kinderspeletjies nie – dis erg! – maar dis 'n vreugde om haar hier te hê. Ek is só trots op wat sy al gedoen het, en steeds doen, om die beste weergawe van haarself te wees."

## JESSI

Jessi is na ons verwys met 'n hele lys probleme: boeliegedrag, onbeheerste woede en disrespek vir volwassenes.

By Girls & Boys Town SA het sy haar vorige gewoonte om weg te raak by die skool voortgesit deur dikwels afwesig te wees van die kampus en haar nuwe skool. Dit was duidelik dat Jessi glad nie in ons portuurgroepstelsel belanggestel het nie. Dit het een van ons grootste uitdagings geword.

### Jessi pak haar uitdagings

Met baie geduld het ons Jessi aan die basiese lewensvaardighede voorgestel. Stadig maar seker kon ons sien dat sy negatiewe portuurdruk beter hanteer, met ander jongmense begin gesels en positiewe interaksie met hulle het en haar woede beheer.

'n Mylpaal in Jessi se gedragsverbetering is bereik toe sy begin opstaan het vir die regte van ander jongmense. Sy het sensitiwiteit teenoor ander begin toon en aktief betrokke geraak by idees vir probleemoplossings saam met haar vriende.

In Desember 2019 was daar 'n terugslag in Jessi se vordering toe sy die kampus verlaat het om by vriende te gaan bly. Gelukkig het sy in Januarie 2020 teruggekeer en kom hulp vra by Girls & Boys Town SA.

### Waar is Jessi nou?

Nadat Jessi Girls and Boys Town SA verlaat het, het sy by haar ouma gaan woon. Ons Leerderondersteuningsentrum het haar gehelp om 'n nuwe skool te vind en later by 'n kollege aansoek te doen.

Sedertdien het Jessi ook begin werk terwyl sy met haar studies besig is.

## SESI

Geen skoolbywoning nie, geen respek vir ouer mense en gesag nie, kuier saam met vriende en kom nie huis toe nie, kêrels … Dit is van die gedragsprobleme waarmee Sesi na Girls & Boys Town SA verwys is.

### Leer nuwe vaardighede, slyp talente

Daar het 'n lang ontwikkelingsplan vir Sesi voorgelê, maar gelukkig kon ons haar vier jaar lank in ons sorg hê. In dié tyd het sy agt basiese vaardighede bemeester en die teikenvaardighede bekom om die kwessies wat haar na Girls & Boys Town SA gebring het, aan te spreek. Sy het deur die vlakke van die stelsel gevorder en al haar mikpunte bereik toe sy in graad 12 was.


In dié tyd het Sesi se gedrag merkwaardige vordering getoon. Nadat sy oplaas haar woede teen die wêreld afgeskud het, het sy 'n goeie rolmodel vir haar maats geword. Ook haar talente het ontwikkel – sy het goeie kommunikasievaardighede verwerf, haarself met vertroue uitgedruk, negatiewe portuurdruk weerstaan en probleme slim opgelos.

Danksy al hierdie prestasies kon Sesi uiteindelik die verantwoordelikheid aanvaar om ons portuurgroepstelsel te lei en te bestuur.

Sesi het Girls & Boys Town SA in Desember 2018 verlaat nadat sy matriek voltooi het en teruggekeer huis toe.

### Waar is Sesi nou?

Sesi het 'n permanente werk, maar studeer terselfdertyd kantooradministrasie by 'n aanlyn kollege.





1



2



3



4



5



6



7

## GOEIE TYE ...

***Vierings van die lewe, prestasies, en sommer net pure pret... Die foto's teen ons aansteekbord getuig van onlangse goeie tye.***

- **1, 2 en 3:** Samehorigheid en prysuitdeling by ons Kagiso/Randfontein-jeugdag
- **4 en 5:** Ons KZN-sportdag is gekenmerk deur strawwe mededinging in die son en sand
- **6 en 7:** Glansmeisies maak gereed vir die matriekafskeid by Kagiso/Randfontein
- **8 en 9:** Pret en lekker eetgoed vir ons Vrouedagviering in KZN



8



9



*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town SA-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*